


# 7 Weke in die Tuin
## Week 3: BEWERK
### Lukas 13:6-9

**Lukas 13:8,9:**
*'Meneer, laat dit nog hierdie jaar bly staan, totdat ek rondom gespit en mis gegee het. En as dit dan volgende jaar vrugte dra, goed. Maar as dit nie gebeur nie, kan u dit uitkap.' "*

*"We have to sit quietly together in the darkness and wait expectantly to see."* - Francis Weller

Vanoggend staan ek in ons tuin hier by die Martinsonstraat-pastorie. Die tuin lyk moeg. Ses maande gelede het ek uiteindelik kans gekry om behoorlik op die tuin te fokus. Ons het teruggesnoei, omgespit, uitgeplant en baie kompos ingewerk. Ons het ou beddings nuwe lewe gegee en nuwe beddings aangelê. Elke Maandag, het ek in die tuin "ingeklim" en baie Saterdae tussendeur skoolsport en laaste bietjie preekmaak, my hande vol grond gekry. Met koms van die lente het ons harde werk begin beloon in blom en tekens van vrug. Maar toe kom die Stellenbosch se somer, gevolg deur die onlangse waterbeperkings, en beproef my tuin se mooi beloftes. Die plante is se blare is geel van die son se ontevredenheid met bietjies-bietjies munisipale water. Dis of reënwater óf leiwater óf niks. Geen van my olyfbome dra nie. 'n Suurlemoenboompie wat ek van Somerset-Wes af gebring het, het die witvlag gewapper. My vrou se dahlias lyk soos 'n blombedding by binnelandse sake.

Ons is in die derde week van ons 7-weke-reeks. Hierdie Sondag bring ons by die gelykenis van die

onvrugbare vyeboom (Lukas 13:6-9). Jesus vertel van 'n vyeboom wat drie jaar lank geen vrugte dra nie. Die eienaar wil dit afkap: “Hoekom mors dit nog grond?” Maar die tuinier pleit: “Laat hom nog een jaar staan. Ek sal omspit en bemes. Miskien dra hy dan vrugte.”

Die **eerste gedagte** wat my nooi tot dieper nadenke is dat Jesus sê dat die vyeboom “geplant” was. Dit was nie maar net ’n vyeboom wat sommer-net opgekom het tussen die ander plante in die tuin nie. Jesus vertel dat die eienaar drie jaar lank “soek” vir vrugte aan die boom. Lukas gebruik dieselfde woord in die verhaal van Saggeus (wie ook in ’n vyeboom homself bevind!) wanneer Jesus sê dat hy gekom het om dié wat verlore is, te “soek”. Dit herinner aan die Eden-verhaal met die mens wat wegkruip, hul naakte-skaamheid gekamoefleer met vyeblare, en God wat roep: “Waar is jy?”.

Die **tweede gedagte** wat die hele week al aan my torring is die vyeboom se gesukkel om vrug te dra tussen die edeldruif van die wingerd (Jesaja 5 se wingerd eggo in hierdie verhaal). Ek dink dikwels terug aan die vyeboom in ons ou tuin in Somerset-Wes. Dit het sommer self opgekom op die plek waar 'n ou swembad toegegooi is. Toe ons die eerste keer na die huis gaan kyk het, was dit juis dié boom wat my laat verlief raak het op die plek. Maar jaar na jaar het die boom blare vol vrug-beloftes gedra, net om dan sy vrugte af te gooi voordat hulle ryp kon word. Ek het alles probeer. Ek het gespuit, kompos ingewerk, natgelei. Helaas het ek tot die slotsom gekom: Sy wortels was verstrengel in die bourommel wat skuil onder die bietjie bogrond waar die swembad eens was. Ek sou hom nie kon uitplant nie. En daarin lê die ironie, want al het hy nie geaard in die swak grond waar hy gegroei het nie, sou hy nêrens anders in die tuin kon aard aard nie. Vir te lank groei hy daar tussen baksteen en sement. Sy nuwe begin is saam met sy wortels verstrengel in sy brosserige benede. Die boom se enigste behoud is om sy wortels dieper in die plek aard. Verby die bouklip en gebreekte sement, tot by die lewensaar van goeie grond. Maar ook is die boom uitgelewer aan my die tuinier, sy versorger.

En dit bring my by die **derde gedagte**: *Die tuin(ier) van tweede kanse.*

Hierdie gelykenis is die evangelie in die kleine. Jesus, die meester-verteller van die Goeie Nuus van God, het min woorde nodig om die hart van Koninkryk van God aan ons te openbaar.

God skep.
God soek.
Goed roep.
God vergewe.
God versorg.
God wag.

En die boom word laat staan vir nog 'n jaar sodat die tuinier van tweede-kanse sy spitwerk kan doen. Gedurende die Aswoensdag liturgie het Jan van Zyl 'n treffende metafoor vir ons voorgehou: **"Qarrtsiluni"**.

Die Inuit-volke (veral in die Arktiese streke) het hierdie woord gebruik om 'n tradisionele praktyk te beskryf: In die lang, donker wintermaande sou mense in 'n iglo of gemeenskaplike ruimte bymekaarkom, die ligte doodmaak (of in die donker sit), en in stilte wag. Hulle het nie gepraat of beweeg nie – hulle het bloot saam in die donkerte gewag tot iets spontaans na vore kom, soos 'n lied wat uit iemand se binneste opborrel, 'n storie, 'n visioen of 'n kollektiewe kreatiewe uitbarsting. Dit was 'n ritueel van geduld, gemeenskaplike stilte en oopheid vir die onbekende – 'n soort meditatiewe verwagting dat die skeppende krag (of die gees) self sou deurbreek.

Francis Weller gebruik dit om te beskryf hoe ons in tye van onsekerheid, krisis of teleurstelling moet optree:

Nie met haas, beheer of gedwonge aksie nie, maar met stil saam-wees in die donker,
geduldig wag vir iets nuuts en kreatiefs om te ontplof of te gebore word.

Hy koppel dit aan rouwerk, rituele en die noodsaak vir gemeenskaplike stilte: "We have to sit quietly together in the darkness and wait expectantly to see." Dit is 'n teenvoeter vir ons kultuur se drang na onmiddellike oplossings, produktiwiteit en lig.

Dit bring ons terug na Jesus se gelykenis van die vrugtelose vyeboom. Die verhaal eindig met ’n ellips: En as dit dan, goed. Maar as dit nie, kan u…

Hoeveel keer was ek nie al in hande van die Tuinier van tweede kanse nie? Hoeveel “laaste jare” het ek nie al gekry nie? My enigste behoud is om in die stilte stil te word en my wortels dieper in die winter-misterie van sy goedheid te laat groei. Sodat die stadige genadewerk van Hom wat “rondom spit” en mis bewerk, in my elke lenteblom laat vrug word, tot selfs die traagstes…

Sela.

**Verdere nadenke vir stilte en studie:**

**1. Waar in my lewe soek God al lank na "vrug" – en hoe reageer ek op sy geduldige soek? (Dink aan die eienaar wat drie jaar lank soek, soos Jesus na die verlore soek in Lukas 19 met Saggeus, en God se roep in Eden: "Waar is jy?")**

- Watter areas van my lewe (verhoudings, geloofspraktyke, diens aan ander) lyk dalk "geplant" deur God, maar dra nog nie die vrug wat Hy verwag nie?
- Hoe voel dit vir my om te weet God soek nie om my af te kap nie, maar om my te vind en te versorg?
- Neem tyd om stil te word: Bid vir insig oor een spesifieke "vrugtelose" plek, en vra vir genade om te reageer.

**2. Waar is my wortels verstrengel in "bourommel" – en wat sal dit neem om hulle dieper in goeie grond te laat groei?**

- Watter ou wonde, gewoontes, skeidslyne of "toegegooide swembaddens" in my verlede maak dit moeilik vir my om nou ware vrug te dra?
- Hoe kan ek hierdie week die Tuinier toelaat om "rondom te spit" – deur stilte, gebed, belydenis, gesprek met 'n vertroude vriend, of 'n klein daad van bekering?
- Oefen 'n oomblik van qarrtsiluni: Sit 10–15 minute in stilte (miskien saam met iemand, of alleen in die donker), en wag

verwagtend sonder om te forseer. Wat borrel op as jy nie probeer beheer nie?

**3. In watter "donker" seisoen (teleurstelling, onsekerheid, moegheid in geloof of tuin-lewe) is ek tans?**

- Hoekom is dit moeilik om stil te sit en te wag eerder as om te haas of op te gee?
- Hoe kan ek dit prakties doen: Alleen of saam met iemand (familie, selgroep, vriend), sonder woorde of aksie, net oop wees vir die Gees se werk?
- Na die stilte: Skryf neer wat opkom – 'n gebed, 'n insig, 'n klein tree na vrugbaarheid. Vertrou dat die Tuinier se spitwerk in die donker gebeur, selfs al sien ek nog nie die lenteblom nie.